

NUWE AFRIKAANSE GRAMMATIKA.

HOOFSTUK EEN.

OOR SPELLING.

1. SKRYF SOOS JY PRAAT.

Party tale, b.v. Engels, het 'n baie moeilike spelling omdat die klank, wat ons in die spreektaal hoor, nie altyd in die skryftaal deur dieselfde teken weergegee word nie. Die Afrikaanse spelling is baie makliker omdat ons hier foneties probeer spel, d.w.s. ons skryf, sover as moontlik, soos ons praat. Ons probeer altyd om dieselfde teken in die skryftaal te gebruik vir dieselfde klank.

Natuurlik kom ons moeilikhede teë. Dit kan nie anders nie want, hoe volledig en volmaak 'n skryfwyse ook al is, die geskrewe taal is tog maar net 'n baie onbevredigende weergawe van die gesproke klank. Ons kan nooit **absoluut** skrywe soos ons praat nie.

Om 'n voorbeeld te neem : dikwels word die klank, wat ons in die middel van 'n woord as D uitspreek, aan die end van 'n woord as T uitgespreek. So sê ons hande (d-klank), maar hand (t-klank), en tog skrywe ons in albei gevalle D. As ons praat is daar geen onderskeid tussen die laaste klank in hoed en dié in voet nie, en tog skrywe ons één D en één T. Ons skryf hoed (uitgespreek hoet) met 'n D terwille van die meervoud hoede (uitgespreek hoe-de).

Dieselfde reël geld vir woorde soos land, geld, rand, ens. In al sulke gevalle skrywe ons 'n D (wat ons T uitspreek) omdat ons in die verboë vorme die d-klank terugkry.

Maar sulke skynbare inkonsekwensies is in Afrikaans gelukkig seldsame verskynsels. Probeer die ou leuse van die eerste voorstanders van Afrikaans—skryf soos jy praat—letterlik uitvoer, en jy sal nooit ver verkeerd wees nie.

2. KLINKERS (vokale).

'n Klinker kan **lank** wees (**maan**, **bone**) of **kort** (**man**, **bek**). Lang klinkers skrywe ons soms tweekeer (soos in **maan**), soms eenkeer (soos in **mane**); kort klinkers word altyd net eenkeer geskrywe (**man**, **manne**). As algemene reël vir lang klinkers kan ons onthou:—

As **a**, **e**, **o**, **u** lank is, skrywe dan :

- (1) **aa**, **ee**, **oo**, **uu** in geslote lettergrepe, d.i. lettergrepe wat op 'n konsonant eindig ;
- (2) **a**, **e**, **o**, **u** in oop lettergrepe, d.i. lettergrepe wat op 'n vokaal eindig. By voorbeeld:—

Vokaal.		Geslote lettergrepe.	Oop lettergrepe.
a	maan	ma -ne
		aan -ge- naam	aan-ge- na -me
e	been	be -ne
		wreed	wre -de
o	boom	bo -me
		be -loof	be- lo -we
u	vuur	vu -re
		nuut !	nu -we

Aan die end van woorde (see, weduwee), in samestellinge (seekus, tweemaal), en voor **tjie** (seetjie, weduweetjie), skrywe ons egter 'n dubbel vokaal niesteenstaande die lang, oop lettergreep.

Die **i**-klank, wat altyd **kort** is behalwe voor **r** (wanneer dit halfklank is : vier) en in **wie** (meervoud van wig) waar dit lank is, skrywe ons soms **ie**, soms **i**. Sien par. 9 : 9, 10.

Die veranderinge wat vreemde klinkers ondergaan word in par. 9 hieronder bespreek.

3. MEDEKLINKERS (konsonante).

As algemene reël vir die spelling van medeklinkers, kan ons onthou:—

- (1) 'n Medeklinker word verdubbel as dit voorafgegaan word deur 'n **kort**, **beklemtoonde** klinker en deur 'n klinker gevolg word, b.v. **bómme**, **witter**, **onverbíddelik**.
- (2) As dit deur 'n **kort**, **onbeklemtoonde** klinker voorafgegaan word, word die medeklinker gewoonlik nie verdubbel nie, b.v. **máklik**er (maar **mákk**er, volgens (1)); **míddele** (maar **manélle**, volgens (1)).

Daar is uitsonderings op hierdie reël. In woorde soos **bobbe-jáan**, **onmiddellik**, en 'n paar ander kry ons wel 'n dubbel konsonant nieteenstaande 'n kort, onbeklemtoonde vokaal wat voorafgaan.

Wat die spelling van konsonante verder betref, moet ons ons laat lei deur die algemene beginsel in paragraaf 1 hierbo neergelê : skryf soos jy praat. So skryf ons **graaf**, maar **grawe**, **aktief**, maar **aktiewe**, volgens uitspraak.

Die veranderinge wat vreemde medeklinkers in Afrikaans ondergaan word in par. 9 hieronder bespreek.

4. DIE DEELTEKEN (··).

Die deelteken word in Afrikaans oor klinkers gebruik om lettergreep-verdeling aan te dui, m.a.w. dis 'n teken wat ons aandag vestig op 'n ekstra lettergreep wat ons anders miskien nie sou raakgesien het nie. Ons gebruik die deelteken dus alleen in die geval waar ons twee vokale as één lettergreep **kan** uitspreek maar as twee lettergrepe **moet** uitspreek, soos in **hoë** (verboë vorm van **hoog** ; sonder die deelteken sou dit **hoe**, eenlettergrepig, wees, soos in : Hoe gaan dit ?)

In woorde soos **dae**, **koeie**, **sooie**, **sôe** (meervoud van **sog**), ens., is die deelteken nie nodig nie, want die verbindings **ae**, **oeie**, **ooie**, **ôe** kan nie as één lettergreep uitgespreek word nie.

'n Paar voorbeelde van woorde met die deelteken word hieronder gegee.

Reën (twee lettergrepe, maar **reent**, één lettergreep).

Seë (twee lettergrepe, mv. van **see**, één lettergreep).

Voël (twee lettergrepe, is iets wat vlie ; hiernaas kry ons b.v. **voel** die werkwoord, wat eenlettergrepig is.)

beïnvloed (be-in-vloed ; sonder die deelteken sou ons dit moet uitspreek : bein-vloed, en dis verkeerd).

Finansiële (fi-nan-si-ë-le ; dit sou sonder die deelteken fi-nan-sie-le wees. Let egter op fi-nan-si-eel, sonder die deelteken).

Op dieselfde manier kry ons
 kommersieel naas kommersiële ;
 potensieel naas potensiële ;
 industrieel naas industriële.

Verdere voorbeelde van die deelteken is : naäap, naäper (ook geskryf : na-aap, na-aper), knieë, verafgeleë, pantheïsme, soölogie, ens.

Let op dat die deelteken geplaas word op die klinker waar die nuwe (ekstra) lettergreep begin.

5. DIE KAPPIE OF SIRKUMFLEKS (^).

Ons kry die kappie in Afrikaans baie oor die klinker **e** (ê), en nou en dan ook oor **o** (ô), **u** (û) en **i** (î). En die eerste ding wat ons in hierdie verband moet onthou, is dat 'n **kappie-klinker altyd lank** is, en dat 'n **kappie altyd die gewone klank van die klinker verander**. Neem b.v. die werkwoord **sê**. Hier is die ê-klank lank, en ook verskillend van die gewone lang e-klank in b.v. **see**, **bene**. 'n Kort e-klank kan dus nooit 'n kappie kry nie, vergelyk **se** (in b.v. Jan **se** hoed), **perd**, **bed**, ens.

(a) **Die Kappie-e (ê)**

kry ons in 'n aantal woorde, o.a. **sê**, **hê**, **lê**, **mê** (geluid wat 'n skaap maak), **blêr**, **skêr**, **kêrel**, **pêrel**, **wêreld**, **bêre**, **êe** (meervoud van eg), **rêrig**, **kwê-voël**, **êrens**, **nêrens**.

(b) **Die Kappie-o (ô)**

kom voor in woorde soos :—

môre (ook geskryf : more) ; **sôe** (mv. van sog) : **sôre** (om voor te sorg) ; **trôe** (mv. van trog) ; **entrepôt** (Franse leenwoord wat beteken : pakhuis) ; **nôiens** (ook : nooiens).

(c) **Die Kappie-u (û)**

kom voor in **brûe** (mv. van brug), en in **rûens** (mv. van rug = randjie).

(d) **Die Kappie-i (î)**

kom voor in **wîe** (mv. van wig).

6. SAMEGESTELDE WOORDE.

Baie studente is geneig om woorde in Afrikaans apart te skrywe wat na regte aanmekaar moet geskryf word.

Die algemene reël is : wanneer twee of meer woorde in Afrikaans **één begrip** of idee uitdruk, word hulle as **één woord** geskrywe, met of sonder 'n koppelteken, b.v. dorpskool, skoolbank, stadsaal, Adderleystraat, tienuur, twee-uur, Onderwysdepartement, Kaapstad, veldblomme-tentoonstelling.

So kry ons samegestelde werkwoorde (agterhaal, meedeel), samegestelde byvoeglike naamwoorde (splinternuut, stokoud), ens.

Let op dat ons in 'n samegestelde woord 'n dubbel **s** (**ss**) kry as die eerste woord op **s** eindig en die tweede met **s** begin, b.v. **jassak**, **grassaad**, **jakhalsstreke**, **rotsspelonk**. As eerste deel van 'n samestelling word **lewe** en **gees** altyd **lewens** en **geestes**, b.v.

lewe + taak word lewenstaak ;
gees + toestand word geestestoestand.

Ook hier kry ons dus **ss** as die tweede deel van die samestelling met **s** begin, b.v. **geestesskepping**, **lewensskets**.

Ons kry **s** dikwels as verbindingsklank, soos in **handelsopleiding**, **universiteitskursus**.

Maar as die eerste deel van die samestelling 'n volmaakte Afrikaanse woord op sigself is, en as die tweede deel met **s** begin, kry ons geen **s** as verbindingsklank nie :

handelstudent, **universiteitspan**.

Tienuur (een woord) is 'n tydstip, b.v. Dis nou net tienuur.

Tien uur (twee woorde) is 'n tydperk, b.v. Ons het tien uur lank aanmekaar gewerk.

7. DIE KOPPELTEKEN (-)

word in Afrikaans in die volgende gevalle gebruik :—

- (1) In alle samegestelde woorde waar die gebruik van die koppelteken die leser se taak vergemaklik, b.v. in samestellinge soos **see-eend**, **mee-eet**, **twee-uur**, **dikteeoefening**, waar die eerste woord eindig op en die tweede begin met 'n vokaal of vokale. As ons sulke woorde **seeeend**, **meeceet**, ens., sou skryf (volgens die reël in paragraaf 6 hierbo), dan sou ons die leser se taak onnodiglik moeiliker maak.

Om dieselfde rede verkies ons om die koppelteken in baie lang samestellinge te gebruik, b.v.

lewensassuransie-maatskappy,
veldblomme-tentoonstelling,
maanhaarjakhals-kaskenades.

- (2) In verdubbellinge soos **eet-eet**, **speel-speel**, **gesels-gesels**, **gou-gou**, ens.

- (3) In samestellinge waarin eiename of afleidinge van eiename voorkom, b.v. **Suid-Afrika(aanse), Anglo-Boere-oorlog, Kaap-provinsie, Oos-Londen.**
- (4) In samestellinge waar een of meer dele as 'n vreemde woord(e) beskou word, b.v.
**goeverneur-generaal
onderwys-superintendent.**
- (5) In enkelvoudige breuke, d.w.s. breuke wat uit twee woorde bestaan, b.v. **sewe-agstes, nege-honderdstes.**
Maar : ses-en-sestig honderdstes ; sewe ag-en-dertigstes.
- (6) As telwoorde deur **en** verbind word, b.v. **ses-en-sestig.**
As **en** egter 'n telwoord en 'n breuk verbind, word dit as 'n aparte woord geskrywe, b.v. vierhonderd-en-tien **en** sewe-agstes.
- (7) As **toe** saam met 'n snw. 'n byw. vorm wat rigting aandui, mits **toe** nie deur **na** voorafgegaan word nie :
Ek gaan **huis-toe** (maar : na die huis **toe**).
(Sien ook Hoofstuk 9, par. 1, Opm. 2, 3.)

8. VERDERE SPELLING-MOEILIKHEDE.

- (a) Graaf, grafie, gravin, grawe.

Die enigste moeilikheid hier is **gravin**, waar ons die f-klank deur **v** i.p.v. **f** voorstel ; **grawe** is natuurlik volgens uitspraak. As algemene reël kan hier geld dat ons in middel-lettergrepe **v** skryf in dié met die hoofaksent (ons sê gravín, nie grávin nie), maar **w** in dié wat nie die hoofaksent het nie (ons sê gráwe, nie grawé nie). So ook skrywe ons :

slaaf, slafie, slavín, slawe.

- (b) **Dadelik—hartlik—huislik.**

Voor die uitgang **-lik** word 'n swakbeklemtoonde **e** gewoonlik net geskrywe :—

- (1) na stemhebbende **b, d, w** : onhebbelik, duidelik, afskuwelik.
- (2) na **ft, gt, kt, pt, st** : skriftelik, stigtelik, bedektelik, stiptelik, geestelik.

- (c) Skryf 'n dubbel **i (ii)** in woorde op **-ing** as die werkwoord-stam, wat die **-ing** voorafgaan, op **i** eindig, b.v.
besproeiing, uitroeiing.

(d) **Die difftonge y en ei** word eners uitgespreek, en tog kan ons nie **y** skryf waar **ei** moet wees nie, en omgekeerd. So kry ons homonieme wat gelyk is in uitspraak, b.v.

pyl (om mee te skiet)

fyt (ontsteking)

ry (ww., b.v. perd ry)

styl (katelstyl of manier van skrywe)

ys (bevrore water)

ryk (nie arm nie)

rys (ww., nie daal nie ; snw., soort kos)

wy (aandag wy)

vly (snoesig maak)

wyer (nie nouer nie)

ly (ondergaan)

peil (snw., b.v. 'n hoë peil ; ww., b.v. diepte peil).

feit (iets wat seker is).

rei (snw., koor).

steil (skuins).

eis (ww., iets eis ; snw., 'n eis instel).

reik (ww., uitstrek na).

reis (ww., op 'n tog gaan ; snw., tog).

wei (skape wei in die veld).

vlei (waar skape kan wei).

weier (nie toestem nie).

lei (ww., 'n perd lei ; snw., waarop jy skryf).

Sien ook Hoofstuk 21, par. 1.

9. VREEMDE WOORDE EN BASTERWOORDE.

1. AI bly, ook in die uitgang AIR :

air

affaire

militair

elementair

primair

sekundair

tersiair

revolusinair

honorair

arbitrair

populair

ordinair

2. AU bly :

auteur

auto

auditeur

audiënsie

3. C = K word K :

konfessie

konfiskasie

kontak

kritiek.

behalwe in wildvreemde woorde :

camouflage

incognito

confetti

decorum.

4. C = S bly C :

cellulose	histori ci (mv. van historikus).
cellulair	grammati ci (mv. van grammatikus).
cementeer	politi ci (mv. van politikus).
cementasie	kriti ci (mv. van kritikus).

In **sterk verafrikaanse** woorde word **dubbelvorme** erken, één met S en één met C :

sel	naas cel
sement	naas ce ment
sertifikaat	naas ce rtifikaat
sentimeter	naas ce ntimeter
presies	naas pre ci es
finansiële	naas financ iële
proses	naas pro ce s
prosedure	naas pro ce dure
disiepel	naas disc ipel
sirkel	naas ci rkel

5. CH = K word K :

kar akter	kron ies
kron ometer	kron iek

maar : **Ch**ristus, **ch**risten, **ch**ristelik.

6. CH = G bly CH :

cha os	tech nies	monarch
cha oties	mech anies	patriarch
ch loor	psich oloog	pentateuch
ch erub	anarch ie	

7. EAU bly :

tableau	kadeau
'n paar dubbelvorme word erken :	
buro naas bureau	
plato naas plateau	

8. GH word net aan die **begin** behou :

gh oen	gh ries
gh warrie	gh oera
nie in die middel nie :	
j ingo	a ngora

9. IE word behou in :

(a) **geslote lettergrepe** :

anoniem	miniem
projektiel	masjiem (naas machine)

(b) **ope eindlettergrepe :**

chemie	formasie
genie	nasie

(c) **ope middellettergrepe van verboë vorme en afleidinge**

(voor Afr. uitgange soos -er, -ig, -erig, ens.) van woorde wat onder (a) en (b) val :

anonieme	subtieler
fisie	plesierig
kritiese	masjiene
liriese	

10. I bly in alle middellettergrepe wat nie onder 9 (c) val nie :

<u>m</u> inus	domin <u>i</u> um	krities
fisies	min <u>i</u> um	kritiek
fisika	psichologie	kritikus
via	vice-voorsitter	trio

In **sterk verafrikaanste** woorde sal **dubbelvorme** erken word, één met I en één met IE :

ambisie	naas	ambiesie
art <u>i</u> kel	naas	artiek <u>e</u> l
discip <u>e</u> l	naas	disiepel
fami <u>i</u> lie	naas	famielie
klandis <u>i</u> e	naas	klandiesie
notis <u>i</u> e	naas	notiesie
posis <u>i</u> e	naas	posiesie
polis <u>i</u> e	naas	poliesie
petis <u>i</u> e	naas	petiesie
suspis <u>i</u> e	naas	suspiesie
ens.		

11. OE en AE word E :

ekonomie	esteties
----------	----------

12. PH = F word F :

telefoon	telegraf <u>i</u> e
fosfor	filolog <u>i</u> e

behalwe in wildvreemde woorde :

phthisis	phorometer
----------	------------

13. RH = R word R :

retorika	rumat <u>i</u> ek
----------	-------------------

behalwe in wildvreemde woorde :

rhizoma	rhizophor <u>a</u>
---------	--------------------

17. Y word I :—

fisies
fisika

Egipte
himne

behalwe in wildvreemde woorde :—

ypsilon

xylose

xylol

18. **Engelse woorde.**

Engelse woorde wat reeds geheelenal verafrikaans is, volg die Afrikaanse spelling :—

flennie	trem	ponie	jokkie
trollie	lorrie	jurie	bokkie
poeding	briek	reisies	trippens
enemmel	ghries	jellie	sikspens
aspaai	kieks	ellie	pennie
hokkie	krieket	horssweep	

In gevalle waar die **Engelse uitspraak** nog gehoor word, word die **Engelse spelling** behou :—

gentleman	guinea	bulldog
whisky	cab	hackney
whist	rugby	

'n **Paar dubbelvorme** word erken :—

speech, spiets	truck, trok(s)
tunnel, tonnel	shilling, s(j)ieling
tank, tenk	gallon, gelling

Oefening 1a.

Gebruik die kappie en deelteken (waar nodig) in die volgende woorde :—

Ysteree, goeie, droe, vetkers, sker, vlermuis, moee, finansiell, kommersiele, ryperd, ruens, werd, sooloe, teenspoed, teespoed, kooperasie, wereldwye, liefhe, wyer, vroeer, nouer, bele, audiensie, intellektuele, reen, reent.

Oefening 1b.

1. Skryf voluit in woorde :—

632 ; 9,577 ; 88 ; 8,440,344 ; $\frac{7}{8}$; $33\frac{2}{100}$.

2. Waar sou jy die koppelteken in die volgende woorde gebruik en waarom :—

sesenveertig, kombuistoe, rusrus, meeet, negeuur, adjutant-generaal, sesdertiendes, sleetenaar, kafferwaatlemoententoonstellingskomiteevergadering ?

Oefening 1c.

Gebruik in sinne sodat die onderskeid in betekenis duidelik blyk :—

Gier, guur ; blyk, bleik, bleek ; wie, wïe, weë, weeë, wieë.

Oefening 1d.

Suiwer die volgende sinne van spelfoute :—

- (1) Twee daë lank het ons aan die hoe kweper bome gekap.
- (2) My familie moes huistoe gaan weens dringende finansiele saake.
- (3) „Hoe jonger, hoe aantrekliker !” se oom Jan.
- (4) Twee honderd drie en dertig skepe het in Tafel baai aan gekom.
- (5) Hy het my tamelik hartelik uit genooi om die eers komende Desember vakansie by hom te kom deur bring.
- (6) Die kêrs speel vandag maar 'n baië onbelangrike rol in die handels wereld in vergelyking met vroër toe dit oorals in gebruik was.
- (7) Steil foute is fytlik onvermeidelik.
- (8) Die algemeene idee is dat ons die tweede criket toets wedstryd ver moes gewen het.
- (9) 'n Man wat nie reik is nie kan dikwels goed vly.
- (10) Sorg nou dat jy goed vir my broei hoenders sore.

Oefening 1e.

Wat is die verskil tussen :—

suur lemoen en suurlemoen,
groot vader en grootvader,
twaalf uur en twaalfuur,
klein kinderskool en kleinkinderskool,
nuwe skoolraad en nuwe-skoolraad,
skoon seun en skoonseun,
'n heel ruit en 'n hele ruit ?

Oefening 1f—Vir diktee.

1. Leer, laer, leër, lêer, nè, hê, reëns, weens, reent, rûens, bere, bêre, brûe, sôe, koel, koeël, weë, wieë, wîe, wie.

2. Fraiing, toingrig, nôiens, kastaiing, goingsak, kaiings, weilande, belydenis, blykbaar, verbleik, feitlik, onvermydelik, stylfoute, eienares, gebruiksaanwysing, avery-akte, onvergelyklik, leikleurig, weifelend, twyfelend.

3. Bylae, tekstielnywerheid, diskontofasiliteite, hystoestelle, huismeubels, verskeidenheid, interessant, onmiddellik, baseer, passeer, endosseer, appeleer, manelle, disipline, prysvasstelling, spieëlgladde, bedlêend, geauditeerde, beïnvloed, likwidasie.

4. Ontplooing, entrepôt, emballasie, liriek, lories, elektriese, elektrisiteit, metafisies, naïef, addisionele, ysterêe, essensieel, industriële, windroerkoeëltjie, bobbejaan, bagasiewaens, assuradeur, handelskommissaris, komitee, voorraadsopname.

5. Eksamenvraestelle, melodieus, majestueus, rysskottel, debatteer, finansiële, koöperatiewe, besigheidskorrespondensie, ongeëwenaarde, onontbeerlik, aangeleenthede, duidelikeidshalwe, vervoertoelae, naturelle-arbeiders, re-unie, weeldeartikels, drieërlei, bokknieë, vier-en-veertig, speel-speel.

6. Geïllustreerde, soöloë, teëvoorstel, teenstand, priële, waar-sêer, skaapskêre, Kanaän, see-eend, provinsiebelange, provinsialisme, Australiërs, hemelsbreë, uitroeingsproses, suid-poolekspediesie, toeriste-buro, inventarisasie, psichologie, voorkeurartiewe, doeanebeampte.

7. Blinde-instituut, paralelle, na-aap (naäap), na-aper (naäper), hipoteekaflossing, effektebeurs, leweransier, proses-verbaal, industrieë, jakhalsstreke, uitpeuloë, individuele, onreëlmatighede, verbeeldingsvermoë, nuwe-skoolkommissie, Goe-verneur-generaal, swartwitpens-antiloop, Fariseïsme, bemoeiing, besproeiing.

8. Komiteestadium, kommissie-agente, deïsme, revolusionair, geïnspireer, Skandinawië, vlermuis, differensieer, twee-uur, geïsoleerde, sprinkaanvoëltjie, godloënaar, rehabiliteer, geestes-skepping, Anglo-Japanese, indenniteitsklausule, reusesugsloot, verafgeleë, opdraand, piëteit.

9. Techniese, auditeur, kronies, psichologies, vice-voorsitter, guinea, primair, monarch, confetti, automobiel, filosofie, himne, grammatici, patriarchale, minus, sekundair, tableau, filantropies, examinandus, affaire.

10. Individuele, camouflage, arbitraire, liriese, brochure, fisika, Australië, mechaniese, konsciënsie, kritici, militaire, politici, tersiair, christelik, anarchie, stasionnair, chemiese, revolusionair, cementasie, dominium.

TIEN VRAE (op Hoofstuk 1).

(N.B.—Gee voorbeelde orals waar moontlik.)

1. Waarom kan ons nooit absoluut skryf soos ons praat nie ?
 2. Watter algemene reëls kan ons volg met die skrywe van (a) klinkers, (b) medeklinkers ?
 3. Wanneer en waarom word die deelteken in Afrikaans gebruik ?
 4. Oor watter klinkers kry ons 'n kappie, en watter eienskappe vertoon 'n kappie-klinker altyd ?
 5. Wanneer word die koppelteken in Afrikaans gebruik ?
 6. Watter reëls kan ons volg met die skrywe van **y** en **ei** ?
 7. Waarom skrywe ons :—
makker maar makliker ; nêrens maar militair ; dadelik
maar deeglik ; goingsak maar jassak ?
 8. Watter gedragslyn volg ons met die skrywe van die volgende vreemde klanke : au, ai, eau, c, ch, rh, th, ph ?
 9. Wanneer word woorde in Afrikaans aaneenskrywe ?
 10. Wanneer skrywe ons **i** en wanneer **ie** ?
-

HOOFSTUK TWEE.

DIE REDEDELE (WOORDSOORTE).

1. TIEN REDEDELE IN AFRIKAANS.

Gemaklikheidshalwe deel ons die woorde van 'n taal in rededele of woordsoorte in. Die volgende indeling word gewoonlik gemaak :—

1. Selfstandige naamwoorde (**snw.**) : Jan, man, liefde.
2. Voornaamwoorde (**vnw.**) : ek, hy, sy, ons.
3. Byvoeglike naamwoorde (**bnw.**) : blind, baie.
4. Telwoorde (**telw.**) : een, eerste.
5. Bywoorde (**byw.**) : baie, graag, gou.
6. Voegwoorde (**voegw.**) : en, dus, omdat.
7. Werkwoorde (**ww.**) : gee, aflewer.
8. Voorsetsels (**voors.**) : in, by, op.
9. Lidwoorde (**lidw.**) : 'n, die.
10. Tussenwerpsels (**tussenw.**) : ag ! o !

Hierdie indeling word gewoonlik gedoen volgens die **betekenis** en die **funksie** van die woord, d.w.s. die „werk ” wat die woord in die sin doen. Hierdie indeling in woordsoorte is egter net 'n poging om die aanleer van 'n taal makliker te maak ; dit is nie moontlik om die woorde van 'n taal in afsonderlike, waterdigte hokkies in te deel nie. Die meeste rededele is so nou aan mekaar verwant dat een rededeel maklik in 'n ander een kan oorgaan. So kan 'n woord soos **blind** (gewoonlik 'n bnw.) as snw. voorkom, soos in : Hy is 'n **blinde**. Vergelyk ook die volgende :—

bnw. as snw. : Almal was daar, **siek**es sowel as **gesond**es.

ww. as snw. : Die **gee** van 'n bevel is maklik—dis by die **uitvoer** waar die knoop lê.

vnw. as bnw. : **hierdie** man, **ons** huis.

telw. as bnw. : **honderd** mense, **baie** bome.

Dat 'n mens die rededele nie dogmaties in aparte hokkies kan indeel nie, word verder bewys deur die feit dat baie woorde òf as bnw. òf as byw. kan voorkom—dit hang net daarvan af **hoe** hulle in die sin gebruik word, b.v.

Daar was **baie** mense (bnw.).

Jan is **baie** fluks (byw.).

2. VERBUIGING EN VERVOEGING.

Ons kan die vorm van die meeste rededele verander. So kan **boer** verander tot **boere** (meervoud), **boerin** (vroulik) of **boertjie** (verkleinwoord). Die verandering van vorm gaan gewoonlik gepaard met 'n verandering van betekenis.

Die vormverandering wat 'n werkwoord ondergaan om betekenisverandering uit te druk, noem ons **vervoeging** (konjugasie), en dié wat enige ander rededeel ondergaan, noem ons **verbuiging**. Ons praat dus van die vervoeging van die ww. maar die verbuiging van die snw., bnw., ens.

3. SELFSTANDIGE NAAMWOORDE.

Die snw. kan ons in verskillende soorte of klasse indeel, soos :—

- A. **Konkrete snw.** (Jan, man, klip) wat persone, diere of dinge voorstel wat 'n vaste, tasbare vorm het; en **abstrakte snw.** (liefde, haat) wat niks tasbaars voorstel nie, maar afgetrokke (abstrakte) begrippe sonder vaste vorm.

By hierdie indeling in konkrete en abstrakte (afgetrokke) snw. is ons hoofidee die uiterlike vorm of tasbaarheid.

- B. 'n Verdere indeling wat dikwels gedoen word, is in **eiename** en **soortname**. Hier is die hoofidee nie so seer die uiterlike vorm nie as die mate van uitsluiting wat die benaming betref, m.a.w. die vraag of net daardie persoon, dier of ding dié naam (die snw.) dra, en of daar baie ander is met dieselfde benaming.

Eiename (Jan, Kaapstad, Suid-Afrika) is besondere benamings wat beperk is tot 'n spesiale persoon of saak, terwyl **soortname** (man, stad, land) nie tot één persoon of saak beperk is nie, maar op baie persone of sake kan toegepas word.

C. Konkrete snw. kan ons weer verdeel in :—

Stofname, d.i. name wat stof of materiaal aandui, b.v. hout, sand.

Voorwerpsname, d.i. name wat besondere voorwerpe aandui, b.v. hoed, trem, aap.

Versamelname, d.i. name wat 'n versameling of kolleksie aandui, b.v. gebergte, vloot, swerm.

4. VERBUIGING VAN SNW.

Die snw. kan verbuig word om verskil in **getal** en **geslag** uit te druk en ook om **verkleinwoorde** te vorm, b.v. :

Snw.	Getal.	Geslag.	Verkleinwoord.
boer	boere	boerin	boertjie
wolf	wolwe	wolvin	wolfie
voog	voogde	voogdes	vogie

Getal is die vormverandering wat 'n snw. ondergaan om aan te toon of ons van één persoon of saak praat (enkelvoud), of van meer as één (meervoud). Sien Hoofstuk 3.

Geslag. In Afrikaans kan snw. wees: manlike geslag (man, voog), vroulike geslag (vrou, voogdes), gemeenslagtig, d.w.s. manlik of vroulik (mens, kind, hoender) of geslagloos, d.w.s. sonder geslag („dooie” voorwerpe soos wa, klip). Sien Hoofstuk 4 : 1.

Verkleinwoorde word in Afrikaans gevorm met behulp van die agtervoegsels **-ie -jie -tjie -etjie -pie -tjie**. Sien Hoofstuk 4 : 2.

Naamval. Daar is geen vormverandering in Afrikaans om verskil in naamval aan te toon nie behalwe in die geval van 'n klompie ou 2e en 3e naamvalle wat ons uit Nederlands geërf het. Sien Hoofstuk 4 : 3.

5. VOORNAAMWOORDE.

Vnw. is woorde wat in die plek van snw. gebruik word. Neem b.v. die volgende sin :—

Jan het gister die **vrou** besoek **wat hy** lanklaas gesien het ; **sy** is al baie oud, en **hy** het **haar** innig lief.

Hier is dit heeltemal duidelik dat **wat, sy** en **haar** in plaas van **vrou** gebruik word, en **hy** i.p.v. **Jan**.

Ons kan die vnw. volgens hulle betekenis en gebruik in verskillende klasse indeel :—

Persoonlike vnw. : ek, hy, ons, u, ens.

Die 2e naamval van pers. vnw. word soms **besitlike vnw.** (my, myne, sy, jou, ens.) genoem, en die sogenoemde **wederkerende vnw.** is die 4e naamval van pers. vnw., b.v. ek was **my**.

Betreklike vnw. : wat, waarop, op wie, ens.

Vragende vnw. : wie ? watter ? waarop ? ens.

Aanwysende vnw. : hierdie, daardie, dergelike, ens.

Onbepaalde vnw. : 'n mens, iemand, iets, ens.

Wederkerige vnw. : mekaar.

Sien Hoofstuk 5 vir meer besonderhede oor hierdie verskillende soorte vnw.

6. VERBUIGING VAN VNW.

Net soos snw., kan party vnw. ook verbuig word. Veral persoonlike vnw. toon vormveranderinge wat dikwels met betekenisveranderinge gepaard gaan.

Getal. Ook by vnw. kry ons vorme vir enkelvoud en meervoud, b.v. ek, ons ; jy, julle ; hy, hulle.

Geslag. Vnw. kan wees : manlik (hy), vroulik (sy), gemeenskapagtig (ons, iemand) of geslagloos (dit).

Persoon. Die pers. vnw. toon vormveranderinge om verskil in persoon aan te dui. So kry ons vorme vir die 1e persoon of persoon wat praat (ek, ons), vir die 2e persoon of persoon met wie gepraat word (jy, julle, u), en vir die 3e persoon of persoon van wie gepraat word (hy, sy, dit, hulle).

Naamval. Dieselfde vnw. toon dikwels verskillende vorme om verskil in naamval aan te dui. So is **ek** die vorm van die 1e naamval (nominatief, onderwerp van sin), **my** die vorm van die 2e naamval (genitief, besitsnaamval), ens.

Sien verder Hoofstuk 4, par. 3.

7. BYVOEGLIKE NAAMWOORDE.

Bnw. is woorde wat dien om 'n besondere hoedanigheid van 'n snw. aan te dui. As ek b.v. sê : „Dit was 'n aangename dag,” dan gee die bnw. **aangename** 'n besondere eienskap van die snw. **dag**.

Soos ons in paragraaf 1 aangetoon het, word ander rededele vaak byvoeglik gebruik. Besitlike vnw., vragende vnw., aanwysende vnw. en telwoorde kom dikwels byvoeglik voor, b.v.

Dit is **my** pen (besitl. vnw. as bnw.).

Wie se pen is dit ? (vragende vnw. as bnw.).

Daardie pen is myne (aanw. vnw. as bnw.).

Daar was **twintig** mense (telw. as bnw.).

Dit is nog 'n bewys van wat ons vroeër reeds gesê het, naamlik dat die indeling van ons woorde in tien rededele ten doel het, nie 'n afbakening van ons taalgoed in aparte hokkies nie, maar eenvoudig 'n maklike, algemene uitgangsbasis vir verdere studie. Taal is nie 'n dooie, onveranderlike iets wat ons somarso na hartelus onder vaste hoofde en onderhoofde kan indeel nie, maar 'n lewende werklikheid, dikwels net so wispelturig en inkonsekwent as die mense wat die taal besig.

Later (in Hoofstuk 16) sal ons sien dat deelwoorde ook heel dikwels byvoeglik gebruik word.

Die meeste bnw. kan verbuig word deur aan die gewone vorm te voeg :—

(1) —E : blinde.

Dis die verboë vorm van die sogenoemde stellende trap (blind).

(2) —ER : blinder.

Dis die sogenoemde vergrotende trap.

(3) —STE : blindste.

Dis die grootste of oortreffende trap.

Vir die E-verbuiging van die bnw. sien Hoofstuk 6, en vir trappe van vergelyking, Hoofstuk 7.

8. TELWOORDE.

Telwoorde, soos die naam aandui, is woorde wat vir ons die getal aangee, b.v. ses, vyftigste, baie, ens. Hier onderskei ons twee klasse :—

Hooftelwoorde, wat sê **hoeveel** daar is, b.v. ses, duisend, baie.

Rangtelwoorde, wat sê die **hoeveelste** dit is (hulle gee die „rang” of plek in die ry aan), b.v. sesde, duisendste, hoeveelste.

Elkeen van hierdie hoofklasse kan weer verdeel word al na gelang hulle noukeurig of minder noukeurig die getal of plek

aantoon. Dié wat noukeurig vir ons sê hoeveel of die hoeveelste, noem ons **bepaald**; dié wat minder noukeurig is, **onbepaald**. So kry ons dan:—

Bepaalde hooftelwoorde soos ses, vyf-en-vyftig, en **onbepaalde hooftelwoorde** soos baie, min, weinig.

Bepaalde rangtelwoorde soos sesde, vyf-en-vyftigste, en **onbepaalde rangtelwoorde** soos laaste, middelste, hoeveelste.

Sien verder Hoofstuk 8.

9. BYWOORDE.

Byw. is woorde wat vir ons iets verder van ander rededele (meestal ww.) vertel. Hulle sê gewoonlik **op watter manier** 'n handeling geskied (ons moes **saggies** loop en **kort-kort** rus), en dui verder ook **plek, tyd, graad**, ens., aan, b.v.

Plek: Hy woon **hier, daar, anderkant**, ens.

Tyd: Hy kom **vroeg, laat, vandag**, ens.

Graad: Dit was **baie (taamlik, heeltemal)** goed.

So kry ons byw. van hoedanigheid, byw. van plek, byw. van graad, ens. (sien Hoofstuk 9).

10. VOEGWOORDE.

Voegwoorde is woorde soos **en, maar, omdat**, ens., wat woorde, sinsnedes of sinne aanmekaar verbind of voeg. Hulle is in die taal wat sement in 'n gebou is—hulle voeg of las aanmekaar.

Hoe maklik een rededeel in 'n ander een kan oorgaan, blyk ook hier. As voegwoorde vind ons dikwels bywoorde soos **tog, daarom**, ens. (ons noem hulle dan voegwoordelike bywoorde; sien Hoofstuk 9, par. 5, opm. 1).

Vir voegwoorde sien verder Hoofstukke 11 en 12.

11. WERKWOORDE.

Die ww., miskien die vernaamste rededeel en die fondament van 'n taal, druk 'n handeling uit (Jan **werk**) of 'n toestand (Jan **slaap**).

Die vormveranderinge wat ww. ondergaan noem ons **vervoeging** of konjugasie. Vir die verskillende soorte ww., hoe hulle vervoeg word, en verdere besonderhede sien Hoofstukke 14-17.

12. VOORSETSELS.

Voorsetsels is woordjies soos **op, by, in**, ens., wat ons voor 'n snw., vnw., ens., plaas om sodoende iets beter te kan voorstel. In tale soos Afrikaans (sogenoemde analitiese tale) speel hierdie klein woordjies 'n baie groot rol. Tot 'n groot mate help hulle om idees uit te druk wat in ouer tale soos Grieks en Latyn (sogenoemde sintetiese tale) met behulp van uitgange uitgedruk word.

Verder dra die voors. in die meeste moderne tale (soos Afrikaans) baie daartoe by om 'n eie, kenmerkende taalidoom te skep. Dink maar aan uitdrukkinge soos: verlang **na**, trots **op**, ens., waar die voors. 'n vaste plek verower het en waar in 'n sekere verband 'n sekere voors. **moet** gebruik word.

Sien verder Hoofstuk 20 oor die rol wat die voors. in Afrikaans speel.

13. LIDWOORDE.

Met die uitsondering van ou verboë vorme van die Nederlandse **de** wat ons in geykte uitdrukkinge nog in Afrikaans aantref (**ter** ore kom, kind **des** doods, ens.), het ons die volgende lidwoorde:—

- (1) **Bepalende** lidwoord: **die**.
- (2) **Nie-bepalende** lidwoord: **'n**.

Hulle staan altyd voor 'n snw. en, soos hulle name aandui, is **die** meer bepaald of definitief en **'n** minder. (Soms word hulle ook **bepaalde** en **onbepaalde** lidw. genoem.)

Die Nederlandse lidwoord **het** (b.v. het huis myns vaders) bestaan in Afrikaans in sy verkorte vorm **'t** alleen nog in uitdrukkinge soos: om 't ewe, aan 't skrywe, aan 't ploeg. Die verbinding **aan + 't + infinitief** word in Afrikaans aangewend om **'n aanhoudende handeling** uit te druk, b.v.

Teenwoordige tyd: Ek is 'n brief aan 't skrywe.

Verlede tyd: Ek was 'n brief aan 't skrywe.

(Sien Hoofstuk 15, par. C, opm. vi.)

14. TUSSENWERPSELS.

Tussenw. of interjeksies is woorde wat geen verband met die ander rededele van 'n sin het nie, maar eenvoudig uiting gee aan gevoelens soos:—

- (1) **Pyn**: eina! soe!

(2) **Verbasing** : O !

(3) **Afkeuring** : brr ! sies ! ga !

(4) **Meegevoel** : foeitog ! siestog !

(5) **Toejuiging** : hoera ! bees ! perd ! ryperd ! katnael !

Om aan ons taal (soos ons dink) meer krag en oortuiging te gee, gebruik ons verder versterkingstussenwerpsels soos :

Warempels, wrintig, wragtie, wragtag, gedoriewaar, mapstieks, ens., om te swyg van ander, onnoembare „versterkings”-middels.

Dat tussenwerpsels uitroepe is wat so tussen die ander taaldinge gestrooi („gewerp”) word, blyk ook uit die algemene gewoonte om die sogenoemde uitroepsteken agter hulle te skryf.

Oefening 2a.

Tien woorde (uit hierdie hoofstuk) om in sinne te gebruik :—
indeling, funksie, hoofidee, vormverandering, betekenisverandering, benaming, gepaard, werklikheid, wispelturig, afbakening.

Oefening 2b.

Benoem die rededele in die volgende sinne :—

- (1) Jan het gistermore vroeg met die sneltrein na Pretoria afgereis.
- (2) Omdat hy hom naarstiglik op sy werk toegelê het, het hy bo verwagting snel gevorder.
- (3) „Ag ! was ek maar ryk !”, was die man se onuitgesproke wens, maar hy het nie geweet dat rykdom ook maar baie sake meebring nie.
- (4) Wat was was voor was was was ?

Oefening 2c.

Maak sinne waarin jy gebruik :

eg (1) as snw., (2) as ww., (3) as bnw., (4) as byw.

eer (1) as snw., (2) as ww., (3) as voegw.

wat (1) as betreklike vnw., (2) as vragende vnw., (3) as onbepaalde vnw.

lyk (1) as ww., (2) as snw.

mos (1) as snw., (2) as byw.

gevoel (1) as snw., (2) as ww.

deur (1) as snw., (2) as byw., (3) as voors.

baie (1) as bnw., (2) as byw., (3) as vnw.

Oefening 2d.

Maak sinne om aan te toon dat onderstaande woorde met verskillende betekenis kan voorkom:—

sy (4)	leer (4)	lei (2)	boom (2)
arm (2)	mat (2)	maag (2)	hoop (2)
vorm (3)	saal (2)	reël (2)	bas (2)
bak (2)	styl (2)	ry (2)	skei (2)
gesig (2)	pouse (2)	nes (2)	bad (2)
gehoor (2)	noui (2)	maat (2)	gas (2)
raad (2)	bus (2)	las (2)	haar (2)
by (2)	in (2)	laat (2)	voor (2)
my (2)	blaar (2)	blaaie (2)	las (2)
maat (2)	bal (2)	stof (2)	gif (2)
kies (2)	lig (3)		

Oefening 2e.

Wat is die onderskeid tussen :

vaste en vasste ; lampolie en olielamp ; stalperd, perdestal ; deur middel van, deur die middel van ; twee uur, twee-uur ; groot vader, grootvader ; rooi hond, rooi hond ; naby, byna ; netnou, nou net ; intussen, tussenin ?

Oefening 2f.

Toon aan deur middel van sinne wat die onderskeid is tussen :

{ áppel	{ gésel	{ róman	{ die	{ al
{ appél	{ gesél	{ román	{ dié	{ ál
{ na	{ lókásie	{ kópíe		
{ ná	{ lokásie	{ kopié		

TIEN VRAE (op Hoofstuk 2).

(N.B.—Gee voorbeelde orals waar moontlik.)

1. In watter **tien** rededele kan ons die Afrikaanse woorde verdeel en waarom word hierdie indeling gemaak ?
2. Hoe kan jy bewys dat hierdie verdeling in woordsoorte nie die woorde in aparte, waterdigte hokkies afsonder nie, maar net 'n poging is om taalstudie makliker te maak ?
3. Wat is die onderskeid tussen verbuiging en vervoeging ?

4. (a) In watter sewe klasse of groepe kan snw. verdeel word en waarom word so 'n indeling gemaak ?
(b) Watter vormveranderinge kan die snw. ondergaan ?
 5. Wat is vnw. en in watter klasse kan vnw. verdeel word ? Toon ook aan watter vormveranderinge vnw. kan ondergaan.
 6. Wat is bnw. en watter vormveranderinge kan bnw. ondergaan ?
 7. Wat is : (a) telw. en (b) byw., en in watter klasse kan elkeen van hulle verdeel word ?
 8. Wat is : (a) voegw., (b) voors. en (c) tussenwerpsels, en watter werk verrig elkeen van hulle in die taal ?
 9. Watter lidwoorde het Afrikaans ?
 10. Wat is 'n ww., wat kan ww. uitdruk, en waarom sê ons die ww. is die belangrikste rededeel ?
-

HOOFSTUK DRIE.

DIE VERBUIGING VAN DIE SNW.—GETAL.

'n Snw. kan **enkelvoud** wees, wanneer één persoon of saak aangedui word, of **meervoud**, wanneer meer as één persoon of saak aangedui word.

Verreweg die grootste meerderheid van die Afrikaanse selfstandige naamwoorde vorm hulle meervoud deur **-E** of **-S** aan die enkelvoud te voeg. Verder kry ons meervoude op **-ere**, **-ers**, **-ens**, **-'s**, **-te**, **-de**, ens.

A. ALGEMENE REËLS vir -E en -S.

As uitgangspunt neem ons hier die **klemtoon (aksent) van die laaste lettergreep**, en dan kan ons die volgende algemene reëls formuleer :—

- (1) As die klemtoon **op die laaste lettergreep** val, is die meervoud **-E**.
(Onder hierdie reël val natuurlik al die eenlettergrepige selfst. naamwoorde.)
- (2) As die klemtoon **nie op die laaste lettergreep** val nie, is die meervoud **-S**.

(1) **Aksent op laaste lettergreep : meervoud -E.**

Enkelvoud.	Meervoud.	Enkelvoud.	Meervoud.
(a) straat	strate	boom	bome
taal	tale	stoor	store
been	bene	vuur	vure
veer	vere	muur	mure
(b) kat	katte	pit	pitte
van	vanne	pot	potte
pen	penne	blom	blomme
bed	bedde	put	putte

	Enkelvoud.	Meervoud.		Enkelvoud.	Meervoud.
(c)	dag	dae		weg	weë
	slag	slae		spoorweg	spoorweë
	vlag	vlae		oog	oë
	bedrag	bedrae		oorlog	oorloë
	vraag	vrae		tyd	tye
(d)	dief	diewe		druif	druuwe
	brief	briewe		kloof	klowe
	duif	duiwe		wolf	wolwe
(e)	sif	siwwe		straf	strawwe
	stof	stowwe		rif	riwwe
(f)	see	seë		fee	feë
	tree	treë			
(g)	gif	gifte		vrug	vrugte
	lig	ligte		amp	ampte
	nag	nagte		manuskrip	manuskripte
	vrag	vragte		bors	borste
	reg	regte		nes	neste
(h)		lemóen		lemoene	
		parlemént		parlemente	
		orkaán		orkane	
		manél		manelle	
		hotél		hotelle	
		magistráat		magistrate	

(2) **Aksent nie op laaste lettergreep nie : meervoud -S.****Enkelvoud.**

ásem
 bésem
 bédelaar
 éier
 vóël
 wínkel

Meervoud.

asems
 besems
 bedelaars
 eiers
 voëls
 winkels

Opmerkinge.—Die spelreëls, soos in Hoofstuk Een uiteengesit, moet natuurlik orals in aanmerking geneem word.

(a) Lang klinkers skryf ons **aa, ee, oo, uu** in geslote maar **a, e, o, u** in oop lettergrepe (Hoofstuk 1, par. 2).

- (b) Verdubbel die medeklinker as dit voorafgegaan word deur 'n kort, beklemtoonde klinker en deur 'n klinker gevolg word (Hoofstuk 1, par. 3 (1)).
- (c) Intervokaliëse **d** en **g** val gewoonlik weg.
- (d) **F** word in die meervoud **w** na 'n lang klinker of medeklinker, en
- (e) **ww** na 'n kort, beklemtoonde klinker.
- (f) Eenlettergripige snw. op **-ee** neem vir die meervoud net 'n deelteken op die laaste **e**.
- (g) Snw. op **f, g, p, s** wat vroeër (d.w.s. in Nederlands) op **t** uitgegaan het, behou die **t** in die meervoud.

B. UITSONDERINGS OP ALGEMENE REËLS vir -E en -S.

- (i) Die volgende eenlettergripige snw., wat famielie-verwantskap aandui, neem **-S** :—

broer	broers
man	mans
neef	neefs
oom	ooms
seun	seuns

- (ii) Die volgende eenlettergripige snw. neem ook **-S** :

maat	maats
saal	saals (op perde)
leeu	leeus
spreu	spreus
kok	koks
roer	roers (roere)
smid	smids

- (iii) Twee- of meerlettergripige snw. op **-ing** toon dikwels twee meervoudsvorme, één op **-s** en één op **-e**, b.v.
- | | |
|-------------|----------------------------|
| vergadering | vergaderings, vergaderinge |
| ontdekking | ontdekkings, ontdekkinge. |

Dié wat op **-ling** of **-eling** eindig, kry gewoonlik **-e** in die meervoud :

leerling	leerlinge
ellendeling	ellendelinge
nuweling	nuwelinge

(iv) Vreemde woorde wat nog as sulks gevoel word, neem gewoonlik **-s** al is die laaste lettergreep beklemtoon, b.v.

akteur	akteurs
korporaal	korporaals
kaptein	kapteins
jaart	jaarts

Opmerking.—Die analogie-werking (Hoofstuk 24, par. 3) van ons eie taalgoed is hier egter dikwels so sterk dat ons naas die **-s**-meervoud ook 'n **-e**-meervoud hoor, b.v. kapteins of kapteine, trens of tremme, hotels of hotelle, offisiere of offisiere, koepons of koeponne, professors of professore, ens.

(v) Die volgende snw. neem 's in die meervoud :

- (a) Snw. op 'n beklemtoonde klinker : ma's, pa's, hoera's.
- (b) Baie vreemde woorde op 'n klinker : buro's (bureau's), tableau's, saga's, impi's, kafee's.
- (c) Eiename op 'n klinker : Hugo's, Nortje's, Van der Merwe's.
- (d) Letters van die alfabet : a's, b's, m's, p's (maar : esse, ekse).

(vi) Snw. op **-aris** neem **-se** :

notaris	notarisse
sekretaris	sekretarisse

(vii) Snw. op **-heid** neem **-hede** :

besigheid	besighede
moontlikheid	moontlikhede

(viii) Snw. op **-aal, -aar, -aard, -ier** neem gewoonlik **-s** as hulle **persone** aandui, en **-e** as hulle **sake** aandui :

	Persone.	Sake.
-aal :	generaals	kwartale
-aar :	wewenaars	gevore
-ier :	barbiers	riviëre
-aard :	wredaards	

Maar : barbære, Spanjaarde.

(ix) Eenlettergropige snw. op **-lm** en **-rm** neem **-s** :

arms, wurms, skelms, palms.

Opmerking.—Hulle is maar skynbare uitsonderinge. **Arm** word uitgespreek : **ar-rem** ; die klemtoon is **nie** op die laaste lettergreep nie, dus neem dit **-s** volgens reël A (2) hierbo.

C. ONREËLMATIGE MEERVOUDE.

Meervoude op -ers :

kind	kinders
kalf	kalwers
lam	lammers
maat	maters (maats)
klip	klippers (klippe)
goed	goeters

Meervoude op -ere :

gelid	geledere
lied	liedere
gemoed	gemoedere
goed	goedere
volk	volkere (volke)
kind	kindere (kindere Israëls)

Meervoude op -ens :

gevoel	gevoelens
jong	jongens
lewe	lewens (lewes)
nooi	nooiens
nôï	nôïens
mied	miedens (miede)
vrou	vrouens (vroue)
rug	rûens (randjies)
wa	waens
vark	varkens (varke)
wese	wesens

Meervoude op -de :

maag	maagde (meisies)
deug	deugde
hemp	hemde

Geleende meervoude :

aanbod	aanbiedinge
bedrog	bedrieërye
beleg	beleëringe
doel	doeleindes
eer	eerbewyse
leer	leerstellinge
genot	genietinge

seën	seëninge
raad	raadgewinge(s)
kritikus	kritici
politikus	politici
grammatikus	grammatici
historikus	historici

Snw. op -man :

buurman	bure
Engelsman	Engelse
Fransman	Franse
werksman	werksmense
koopman	kooplui (koopmans)
ambagsman	ambagslui (ambagsmanne)
staatsman	staatsmanne
voorman	voormanne
Boesman	Boesmans (Boesmanne)
timmerman	timmermans
seeman	seeliede
landsman	landsliede

Nog onreëlmatige meervoude :

bad—baaie	gebod—gebooie
blad—blaaie	sog—sôe
pad—paaie	lid—lede
dal—dale	stad—stede
gat—gate	skip—skepe
glas—glase	bevel—bevele
vat—vate	spel—spele
God—gode	gebed—gebede
hof—howe	gebrek—gebreke
jas—jaste (jasse)	patat—patats

D. SNW. MET MEER AS EEN MEERVOUD.**(Sonder verskil in betekenis).**

bad	badde, baddens, batte
bed	bedde, beddens
klip	klippe, klippers
lewe	lewes, lewens
mied, miet	miede, miedens, miete
vark	varke, varkens
volk	volke, volkere
vrou	vroue, vrouens

voorskoot	voorskote, voorskooie
wig	wigge, wie
lid	lede, ledemate
graf	grafte, grafes, grawe (in verhewe taal)
brug	brugge, brûe
maat	maats, maters

Ook 'n aantal verkleinwoordjies :

kalfie	kalfies, kalwertjies
lammetjie	lammetjies, lammertjies
maatjie	maatjies, matertjies
goedjie	goedjies, goetertjies
klippie	klippies, klippertjies

E. SNW. MET MEER AS EEN MEERVOUD.

(Met verskil in betekenis.)

{ bad	baaie (warm bronne, om in te baai)
{ bad	badde, baddens, batte (om in te bad)
{ blad	blaaie (boekblaaie)
{ blad (blaar)	blare (boomblare)
{ blaar	blare (b.v. op jou voet)
{ drif	driwwe (deur riviere)
{ drif	drifte (hartstogte)
{ gas	gasse (soos brandgas, steenkoolgas)
{ gas	gaste (uitgenooide mense)
{ gif	giwwe (wat kan doodmaak)
{ gif	gifte (presente)
{ goed	goedere (wat 'n handelaar b.v. verkoop)
{ goed	goeters (allerhande dinge)
{ hart	harte (liggaamsdele)
{ hart	hartens (in kaartspel)
{ hoop	hope (b.v. graanhope)
{ hoop	verwagtinge
{ kus	kusse (soene)
{ kus	kuste (seekuste)
{ las	lasse (riemlasse, houtwerkvoeë)
{ las	laste (moeilikhede)
{ letter	letters (van die alfabet)
{ letter	lettere (b.v. doktor in die lettere)
{ man	mans (eggenote)
{ man	manne (nie papbroeke nie)

{ maag	mage, mae (liggaamsdele)
{ maag	maagde (b.v. die vyf dwase maagde)
{ maat	maats, maters (vriende, makkers)
{ maat	mate (b.v. die snyer neem my mate)
{ raad	rade (b.v. stadsrade)
{ raad	raadgewings (advies)
{ rug	rugge, rugte (liggaamsdele)
{ rug	rûens (randjies)
{ ruit	ruite (in 'n venster)
{ ruit	ruitens (in kaartspel)
{ saal	saals (op perde)
{ saal	sale (b.v. stadsale)
{ skof	skowwe (van osse)
{ skof	skofte (werktye ; distansies)
{ vorm	vorms (b.v. koekvorms)
{ vorm	forme (aspekte ; verboë vorme)

F. SNW. MET NET 'N ENKELVOUD.

Die volgende snw. kan onder gewone omstandighede geen meervoudsvorm hê nie :—

- (1) **Eiename** : Kaapstad, Christus, Judas, Engeland, Suid-Afrika, ens.
- (2) **Stofname** : goud, silwer, meel, tee, ens.
- (3) **Afgetrokke snw.** : haat, liefde, verdraagsaamheid, kritiek, ens.

G. SNW. MET NET 'N MEERVOUD.

'n Aantal snw. kom net in die meervoud voor :—

Masels, pokkies, sinkings, stuipe, medisyn, koste, onkoste, fraiings, toiings, pluïens, kaiings, harsings, hurke, fiemies, semels, maanhare, reïsië, ingewande, inkomste, die Klassieke, die Trope, ens.

Opmerking.—Snw. wat **gewig, hoeveelheid, maat** of **waarde** uitdruk en wat deur 'n bepaalde hooftelwoord voorafgegaan word, word gewoonlik in die enkelvoud gebruik, b.v.

Dit is ses **pond** suiker.

Ek het sewe **paar** sokkies.

Hy is agtien **jaar** oud.

Ek het daar vyf **jaar** gewoon.

Ek het ses **pond** in my sak.

Die huis is tien **voet** hoog.

Waar ons sulke woorde in die meervoud gebruik, dink ons nie so seer aan die dinge as één geheel nie, maar as aparte eenhede. Vergelyk die volgende :—

- | | | | |
|---|--|---|-----------------|
| { | Ek het daar vyf jaar gewoon (één periode). | } | Ek dink aan die |
| | Dit was vyf moeilike jare . | | |
| { | Dit was vyf jare van sweet en swoeg. | } | jare apart. |
| | Ek het sewe paar sokkies (ek dink aan die klomp saam as my besitting). | | |
| { | Die vrou moes twintig pare sokkies stop (ons dink aan die aparte pare). | } | |
| | | | |

Oefening 3a.

Tien woorde (uit hierdie hoofstuk) om in sinne te gebruik :—
meerderheid, eenlettergrepig, medeklinker, uiteengesit, aandui, beklemtoon, opmerking, onreëlmatig, afgetrokke, voorafgaan.

Oefening 3b.

Gee die meervoud van :—

Huis	mier	minuut	krummel
soen	kuiken	boer	gebou
hoed	skool	maan	spens
masjien	lyf	laken	kind
kwartaal	baken	baas	borsel
student	halwe	rosyn	tafel
dag	bal	groef	kis
vrag	dal	gas	klad
vraag	misdad	bekwaamheid	bad
vrug	minaret	komers	pad
brug	kuns	kom	stad
erf	gedagte	mes	soldaat
glas	seun	nes	leeu
plas	reun	oomblik	eeu
jas	seën	onderwyser	spreeu
leerling	swerm	besondereid	meeu
gees	werksman	lat	lam
naturel	timmerman	vat	bedrog
sekretaris	buurman	oog	bedrag
liefde	staatsman	oorlog	aanbod
kritikus	koopman	Jood	gebod
hemp	Engelsman	jong	gebed
wig	ambagsman	jongetjie	nooi
sog	eer	stoof	sooi
brug	haat	stof	doel

Oefening 3c.

Die volgende woorde het elkeen twee meervoude met verskillende betekenisse. Gee die meervoude, en gebruik elkeen in 'n sin sodat die betekenis duidelik uitkom :—

Drif, saal, rug, skof, maag, las, hoop, bad, gas, letter, maat.

Oefening 3d.

Skryf die volgende sinne oor in die meervoud :—

1. Die kind eet 'n peer onder die boom wat in die tuin groei.
2. Daar is 'n kaggel in die hoek van die kamer.
3. Die meisie het haar vakansie op Muizenberg deurgebring.
4. Hierdie kandidaat verwag om die uitslag van die eksamen more te hoor.
5. Die hen kekkel in die hoenderhok, maar daar is geen eier in die nes nie.
6. My buurman is 'n Fransman wat vroeër op 'n plaas gewoon het.
7. My tante se broer is my oom. Sy het 'n dogter wat my oom se niggie is.
8. Daar is 'n duif op die punt van die tak. Die seun het hom met 'n klip gegooi.
9. Die jakhals het in die kraal gekom en 'n skaap en 'n lam doodgebyt.
10. Daardie matroos het van die skip gekom wat in die dok lê.

Oefening 3e.

Skryf die volgende sinne oor in die meervoud :—

1. Hierdie straat is taamlik wyd, maar die voetpad is te nou.
2. Het jy 'n brief aan jou vriend geskryf? Nee, ek het nie sy adres nie.
3. Hy is 'n lid van die stadsraad van sy dorp.
4. Daar is 'n wit kruis op die graf van die soldaat wat in die oorlog gesneuwel het.
5. Die dief het by die winkel ingebreek en het 'n horlosie gesteel.
6. Ek het 'n tjek in betaling van die bedrag van my rekening gestuur, en ek het 'n kwitansie daarvoor gekry.
7. Daar was 'n palm aan die kant van die pad na die huis.
8. Toe ek deur die veld geloop het, het ek 'n os, 'n bok, 'n skaap en 'n vark gesien. Ek het ook 'n kar en perde op die pad ontmoet.

9. Daar lê op die tafel 'n perske, 'n piesang, 'n pynappel en 'n lemoen, maar ek wil 'n peer hê.
10. Ek het 'n pen en 'n potlood, maar ek het my boek verloor.

Oefening 3f.

Skryf neer :—

- (1) **Tien** snw. wat net in die enkelvoud voorkom.
- (2) **Tien** snw. wat net in die meervoud voorkom.
- (3) **Tien** snw. met meer as één meervoud sonder betekenisverskil. Gee die meervoude ook.

TIEN VRAE (op Hoofstuk 3).

(N.B.—Gee voorbeelde orals waar moontlik.)

1. Wat is die verskil tussen enkelvoud en meervoud ?
2. Gee algemene reëls vir meervoude op -E en -S.
3. Gee **sewe** klasse van snw. wat uitsonderings op dié algemene reëls is.
4. Waarom skrywe ons :—
- (i) **maan** (met twee a's), **mane** (met één a) ?
- (ii) **bokke** (met twee k's), **monnike** (met één k) ?
- (iii) **stowwe** (met twee w's), **stowe** (met één w) ?
- (iv) **weë** (met deelteken), **dae** (sonder deelteken) ?
5. Watter snw. neem 's in die meervoud ?
6. Waarom skrywe ons **generaals** (met -s), maar **kwartale** (met -e) ? Gee nog sulke gevalle.
7. Skryf neer :—
- (i) **vyf** meervoude op **-ers**.
- (ii) **vyf** meervoude op **-ere**.
8. Skryf neer :—
- (i) **tien** meervoude op **-ens**.
- (ii) **vyf** snw. op **-man**, almal met verskillende meervoude. Gee ook die meervoude.
9. Wat is die onderskeid tussen **sewe paar sokkies** en **sewe pare sokkies** ?
10. Wat is die onderskeid tussen :—
graftes en grawe ; kusse en kuste ; mans en manne ;
vorms en vorme ; goedere en goeters ?